

Abstrak

Seisonale variasie in preeklampsie – datum van verlossing vs datum van bevrugting

Agtergrond

Preeklampsie is 'n multi-sistiem siekte wat gekenmerk word deur hipertensie en proteïnurie. Dit word slegs gedurende swangerskap aangetref - gewoonlik na 20 weke. Dit is steeds een van die voorste oorsake van moederlike en fetale morbiditeit en mortaliteit.

Terwyl die oorsaak van preeklampsie steeds onbekend is, dui die belangrikste teorieë op versteurde plasentale ontwikkeling en funksionering vroeg in swangerskap. Sekere navorsers het ook die moontlikheid van 'n seisonale patroon in die voorkoms van preeklampsie ondersoek. 'n Seisonale patroon is wel identifiseer, maar dit is slegs gebaseer op die datum van verlossing en die resultate tussen studies wissel.

Doel

Ons primêre doel was om die seisonale patroon in die insidensie van preeklampsie te ondersoek oor 'n tydperk van een jaar en dan die datum van bevrugting te vergelyk met die datum van diagnose en verlossing.

Metodiek

Ons het 'n retrospektiewe beskrywende studie gedoen oor al die pasiënte met preeklampsie wat tydens 2010 by Tygerberg Hospitaal verlos is. Preeklampsie is gediagnoseer as hipertensie met geassosieerde proteïnurie met aankoms na 20 weke. Die name van die pasiënte is verkry uit die kraamsaal-registers en data is versamel en op 'n datastel aangebring.

Data is primer geanaliseer in terme van die seisoen van verlossing en die seisoen waartydens die laaste maandstonde plaasgevind het. Die seisoene is as volg geklassifiseer : somer vanaf die **summer solstice to autumn equinox, autumn as lasting from autumn equinox until winter solstice, winter as lasting from winter solstice until spring equinox and spring as lasting from spring equinox until summer solstice.**

Die data is geanaliseer met die SPSS sagteware (Statistical Package for Social Science). Diskrete data is vergelyk deur die relatiewe risiko's te bereken met vertrouensintervalle van 95%, sowel as die χ^2 toets. Fisher se eksakte toets is gebruik om ratios te vergelyk waar die verwagte waarde van enige sel in 'n 2-by-2 tabel minder as 5 is. Die gemiddeldes van normaal-verspreide **aaneenlopende** data is vergelyk deur die analise van **variance**. Die mediane van aaneenlopende data wat nie normaal versprei was nie, is bereken met die non-parametriese Mann-Whitney-U-toets. 'n P-warde van $<0,05$ is beskou as statisties betekenisvol, waar van toepassing.

Resultate

Die piek –insidensie van preeklampsie was gedurende die wintermaande, met 32.2% van alle gevalle. Dit was betekenisvol hoër as die gedurende die somer, waar slegs 169 (17.17%) van gevalle verlos is.

Toe ons die data analiseer na gelang van die datum van laaste menstruasie (en gevolglik bevrugting), het ons gevind dat 292 (29.7%) van die pasiënte wat preeklampsie ontwikkel het, het hul laaste maandstonde gedurende die lente ervaar. Die piek-insidensie was gedurende November. Daarteenoor is die laagste insidensie gevind in pasiënte met 'n laaste menstruasie in die winter, met slegs 218 (22.2%) pasiënte.

Gevolgtrekking

Ons het die vorige bevinding by Tygerberg Hospitaal van 'n seisonale patroon in die ontwikkeling van preeklampsie bevestig. Ons het ook bevestig dat dit nie die datum van diagnose en verlossing is wat'n rol speel nie, maar wel die datum van laaste maandstonde en bevrugting.